



## HOPE MINISTRIES – ZIMBABWE

Ds Jaco de Bruyn, 50 First Street, Marondera.  
Selfoon en WhatsApp nr. 00 263 77 234 4919  
E-pos: [lite1277@gmail.com](mailto:lite1277@gmail.com)

### NUUSBRIEF

MEI 2017

Liewe vriende

Dit raak al hoe moeiliker om oor iets positiefs en opbouend te skryf rakende die algemene lewe in Zimbabwe. Voorbeelde van hoe moeilik die lewe geword het vir die man op straat, is legio. Dit gaan by die pers verby, die belangrikste nuus is die gesondheidstoestand van ons president. Almal om hom word gekontak vir die jongste nuus en selfs die vaagste opmerking word aangegryp en oorvertel. Die oor-en-weer beskuldigings van politieke hooggeplaastes oor beweerde korrupsie en onderduimsheid lig deesdae skaars 'n wenkbrou by die publiek.

Die gemeentelede en die mense saam met wie hulle leef op die plaas toon 'n verbasende aanpasvermoë. Daar is tans geen werkskeppende aktiwiteite op die plaas nie. Hulle loop dag vir dag na buurplase toe waar daar iets aan die gang is, in die hoop om 'n los werkjie te kry. Op die foto regs staan ek by die gemeenteleiers met wie ek 'n pad stap.

Natuurlik is daar stories van uitbuiting: mense wat vir minimale bedrae moet werk en dan nog eindeloos moet wag voordat hulle die paar dollar ontvang. Nogtans slaag hulle daarin om die pot aan die kook te hou deur mededeelsaamheid en verhale van Goddelike voorsiening. Blydschap en hoop vir 'n spoedige verandering is egter baie skaars.



Verhale van ander plaaslike kerkgenootskappe wat inkom, probeer lede werf en weer vertrek, is volop.

Dit is tans vir my moeilik om in die kampong te beweeg wanneer ek iets in my hande het. Mense, en veral kinders, sal amper enigiets doen om maar net iets te bekom wat hulle kan omsit in groter waarde vir hulle. So kan die bladsye van 'n traktaatjie, of Bybel, gebruik word om 'n dooie vuur weer aan die gang te kry. Vuurhoutjies is daar nie, 'n kooltjie word by 'n buurvrou gehaal. 'n T-hempie kan in die dorp verkoop word om skoolgeld te bekom.



Intussen het die Nasionale Kragvoorsiener ook die krag na die plaas kom afsny. Nou is enigiemand met 'n battery en/of -laaier baie gewild. Verder word alles maar gedurende die dag gedoen. Omdat die waterpompe ook staan, moet hulle gaan water haal by die dam, sowat drie kilometer ver.

Ek het een van die "Solar lanterns" gekoop sodat hulle lig kan hê vir ons Bybelstudie en hulle ander byeenkomste gedurende die week.

By die skool het ons afgeskop met blink geskropte gesigte en prefekte met nuwe uniforms. (foto links). Dit bly vir my interessant dat daar by so 'n eerste "assembly" ook gevra word wie gedurende die vakansie familielede verloor het.

Ek beplan om 'n klein aartappel-kweek-projek by die skool aan die gang te kry. Die soort ding waar 'n mens aartappels binne-in 'n motor se buitebande plant. Die plan is dat dit die begin sal wees om die kinders te leer hoe om in 'n klein ruimte groente te kweek. Ek is ook dankbaar om te kan berig dat ons verlede semester nuwe handboeke vir verskillende vakke ontvang het. Dié wat ek onder oë gehad het, maak 'n mens lus om dit te lees. My gebed is dat die onderwysers die nuwe kurrikulum sal gebruik om hulle aanbieding met groeiende entoesiasme te doen.

By die hospitaal kom en gaan die ma's met hulle babas. Die personeel bly vriendelik en professioneel, maar raak by niks meer as wat die handboek voorskryf, betrokke nie. Dit bly 'n wonderwerk dat so 'n klein en hulpelose baba kan groei en ontwikkel tot 'n volwasse mens.

My Sondagskoolklassie kom in die komende week weer aan die gang. Ek sien nogal uit daarna, want van die lesse is baie interessant en insiggewend.

Ek het die voorreg gehad om Angus Buchan se "It's Time"-byeenkoms naby Bloemfontein mee te maak. Dit was 'n belewenis wat 'n mens jou lewe deur sal bybly. Aangrypende oomblikke om tussen die graspolle saam met 'n miljoen ander te kniel en jou eie sonde, en dus aandeel aan die chaos in Suid-Afrika, te bely. Dit was bevrydend om op te staan met die dankbaarheid wat vergifnis bring en die voorneme om 'n verskil te maak aan die situasie deur by jouself te begin. Ek is oortuig dat hierdie byeenkoms die begin was van 'n beweging waar Suid-Afrika en ander lande rondom, gaan terugdraai na God toe.

### **DIE VOLGENDE VIER MAANDE**

Bybelstudie met leiers van die kerk: Ek gaan voort om deur Bybelstudie hulle kennis van die Woord te verbreed. In die gesprekke oor die praktiese toepassing van Bybelse beginsels, vind daar dikwels berading plaas.

Aartappel-kweek-projek by die skool: Ek probeer sente afknyp om ou motor buitebande, kompos en saad te bekom. Om dit werklik 'n sinvolle, lewensvatbare projek te maak, gaan sowat 120\$ of R1 620 kos. Indien jy graag wil help, kan die fondse in my rekening betaal word met verwysing AARTAPPELPROJEK.

Hospitaalbesoek: Ek bemoedig en versterk die nuwe mammas geestelik. Dit gryp my egter aan die hart dat ek so min vir hulle kan doen. Is een van julle nie miskien bereid om 'n hospitaalprojek te koördineer nie? Kerke kan byvoorbeeld tweedehandse babagoedjies bymekaarmaak en miskien, wanneer ek laat weet ek kom, kan ons pakkies opmaak vir elke nuwe babatjie. Ek kan dit in die Here se naam vir hulle gee as geskenke uit Suid-Afrika. 'n Bederfie vir die nuwe mamma sal ook weer moed gee. Ek sal dit sonder moeite deur die grens kan kry. Om dit te pos sal te duur wees. Voorstelle is welkom. Kontak my asseblief.

Sondagskoolklassie: Ek bedien die paar blanke NG Kerkkinders wat hier oorgebly het. Die klassie is sowat agt sterk. Ek probeer dit interessant maak en materiaal aankoop soos ek kan bekostig vir projekte. So leer hulle, soos op die foto langsaan, speel-speel Bybelse waarhede. Enige donasie hiervoor is welkom. Merk dit asseblief duidelik SONDAGSKOOLKLAS.



Die dogter oor wie ek in my vorige brief berig het, Brigette Botha, op foto links, het nog geen borg gekry nie. Ons het die kerkrade van kerke hier rond ook om hulp genader, maar tot dusver was daar geen reaksie nie. Hierdie pragtige intelligente dogter van twaalf bly dus tuis en het geen hoop op skoling nie. Mens kan amper nie glo dat so iets nog vandag in 2017 kan gebeur nie. Indien jy miskien kans sien om 'n bydrae te maak, of meer inligting wil bekom, kontak my asseblief. Ek kan help met 'n rekeningnommer van die rekening wat die trustees vir haar geopen het.

### **SAKE VAN GEBED**

#### **Bid asb. saam met my vir:**

- \* die desperate nood van die armes en die maatskaplike nood van baie in die land.
- \* die openbaarmaking van leuens, misleiding en elke vorm van valsheid in die regering en die samelewing.
- \* vir die kinders – dat hulle Jesus as 'n lewende realiteit sal beleef.
- \* dat ek my nooit sal skaam vir die Evangelie nie en dat ek met die gesindheid van Christus sal optree teenoor hulle wat nog ongelowig is.

Baie dankie dat jy gelees het, vir jou ondersteuning en voorbidding. Daarsonder kan ek nie voortgaan met die Here se werk in Zimbabwe nie.

*Ds Jaco de Bruyn.*

\*\*\*\*\*

**Bankbesonderhede:** Jaco de Bruyn, Standard Bank, Woodbridge Square, Takkode: 012442, Reknr. 626-752-159 . (Skryf asseblief jou kontakbesonderhede op die inbetaling vir verwysing.)

**Kontakpersone in Suid-Afrika:** Francois Conradie 082 447 6485, e-pos: [thusang@mweb.co.za](mailto:thusang@mweb.co.za); Hetta Kotze (Nuusbrief) 072 684 9585, e-pos: [hobbit@telkomsa.net](mailto:hobbit@telkomsa.net).